BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG | PUBLISHED BY AUTHORITY

10c | Vrydag 2 Junie 1978 | WINDHOEK | Friday 2 June 1978 | No. 3758

INHOUD: *Bladsy*

**PROKLAMASIE:**

No. AG. 33 Wysigingsproklamasie op Werkverskaffingsburo's, 1978 .................... 1

## PROKLAMASIE

van die

ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

*(Deur die Staatspresident goedgekeur op 24 Mei 1978)*

No. AG. 33 1978

### WYSIGING VAN REGULASIES VIR DIE INSTELLING VAN WERKVERSKAFFINGSBURO'S IN DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

Kragtens die bevoegdheid my verleen by Proklamasie 181 van 19 Augustus 1977, maak ek hierby die wette in die Bylae vervat.

M. T. STEYN

Administrateur-generaal Windhoek, 30 Mei 1978

BYLAE

*Wysiging van Bylae by Proklamasie R.323 van 22 Desember 1972, soos gewysig deur Proklamasie AG. 5 van 1977*

1. Die Bylae by Proklamasie R.323 van 22 Desember 1972 van die Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika word hierby gewysig deur die volgende subregulasie by regulasie 13 te voeg:

" (3) Enige boete opgelê en borggelde verbeurd verklaar ten opsigte van 'n oortreding van hierdie regulasies word, na invordering daarvan, ondanks andersluidende bepalings van die een of ander wet,

CONTENTS: *Page*

**PROCLAMATION:**

No. AG. 33 Employment Bureaux Amendment Proclamation, 1978 .................... 1

## PROCLAMATION

by the

ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

*(Approved by the State President on 24 May 1978)*

No. AG. 33 1978

### AMENDMENT OF REGULATIONS FOR THE ESTABLISHMENT OF EMPLOYMENT BUREAUX IN THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

Under the powers vested in me by Proclamation 181 of 19 August 1977, I hereby make the laws set out in the Schedule.

M. T. STEYN

Administrator-General Windhoek, 30 May 1978

SCHEDULE

*Amendment of Schedule to Proclamation R.323 of 22 December 1972, as amended by Proclamation AG. 5 of 1977*

1. The Schedule to Proclamation R.323 of 22 December 1972 of the State President of the Republic of South Africa is hereby amended by the addition of the following subregulation to regulation 13:

" (3) Any fine imposed, and any moneys estreated as bail, in respect of any contravention of these regulations shall, when recovered, notwithstanding anything to the contrary contained in

oorbetaal aan die stedelike plaaslike bestuur wat die werkverskaffingsburo behartig in wie se regsgebied die oortreding gepleeg word ten opsigte waarvan daardie boete opgelê word of daardie borggelde verbeurd verklaar word, en die betrokke stedelike plaaslike bestuur stort sodanige boete of verbeurdverklaarde borggelde in sy Inboorlinginkomsterekening ingestel kragtens artikel 17 van die Proklamasie op Inboorlinge in Stedelike Gebiede, 1951 (Proklamasie 56 van 1951).".

*Wysiging van Bylae by Proklamasie R.32 van 1973, soos gewysig deur Proklamasie R.259 van 1973*

2. Die Bylae by Proklamasie R.32 van 9 Februarie 1973 van die Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika word hierby gewysig deur die volgende subregulasie by regulasie 13 te voeg:

"(4) Enige boete opgelê en borggelde verbeurd verklaar ten opsigte van 'n oortreding van hierdie regulasies word, na invordering daarvan, ondanks andersluidende bepalings van die een of ander wet, oorbetaal aan die stedelike plaaslike bestuur wat die werkverskaffingsburo behartig in wie se regsgebied die oortreding gepleeg word ten opsigte waarvan daardie boete opgelê word of daardie borggeld verbeurd verklaar word, en die betrokke stedelike plaaslike bestuur stort sodanige boete of verbeurdverklaarde borggelde in sy Inboorlinginkomsterekening ingestel kragtens artikel 17 van die Proklamasie op Inboorlinge in Stedelike Gebiede, 1951 (Proklamasie 56 van 1951).".

*Kort titel*

3. Hierdie Proklamasie heet die Wysigingsproklamasie op Werkverskaffingsburo's, 1978.

any other law, be paid to the urban local authority conducting the employment bureau in whose area of jurisdiction the contravention in respect of which that fine is imposed or that money is estreated as bail, is committed, and the urban local authority concerned shall pay such fine or moneys estreated as bail into its native revenue account opened under section 17 of the Natives (Urban Areas) Proclamation, 1951 (Proclamation 56 of 1951).".

*Amendment of Schedule to Proclamation R.32 of 1973, as amended by Proclamation R.259 of 1973*

2. The Schedule to Proclamation R.32 of 9 February 1973 of the State President of the Republic of South Africa is hereby amended by the addition of the following subregulation to regulation 13:

"(4) Any fine imposed, and any moneys estreated as bail, in respect of any contravention of these regulations shall, when recovered, notwithstanding anything to the contrary contained in any other law, be paid to the urban local authority conducting the employment bureau in whose area of jurisdiction the contravention in respect of which that fine is imposed or that money is estreated as bail, is committed, and the urban local authority concerned shall pay such fine or moneys estreated as bail into its native revenue account opened under section 17 of the Natives (Urban Areas) Proclamation, 1951 (Proclamation 56 of 1951).".

*Short title*

3. This Proclamation shall be called the Employment Bureaux Amendment Proclamation, 1978.

Gedruk deur en verkrygbaar by
Die Suidwes-Drukkery Beperk,
Posbus 2196, Windhoek
Suidwes-Afrika

Printed and obtainable from
The Suidwes-Drukkery Beperk
P.O. Box 2196, Windhoek.
South West Africa.